“ kleinvoud ”

“Gutenbergers can’t get over the idea that for a thing to be better, it has to be bigger. This mania applies to **mega-malls**, **mega-churches**, **mega-evangelism**, **mega-thinking**. For the same reason that Ralph Waldo Emerson wanted his essays to get to the “grandly simple”, Googler culture focuses on **autonomous agents doing small things well**. Simple, sacramental acts of suffering love are at the heart of every spirituality in the Google zeitgeist.**”**

eKERK

Jesus - sigbaar, voelbaar, verstaanbaar

INLEIDING

“Die werk wat nou aan die gang is, lyk dalk klein en nie waffers nie. Maar moenie die waarde daarvan onderskat nie.”

~ Sagaria 4 v 10

Ons leef in ‘n wêreld van groot dinge.

Groot karre, groot huise, groot woorde en groot kerke. Êrens het die idee in ons onderbewuste ingesluip dat vir enigiets om beter te wees, moet dit ook groter wees, en alhoewel in baie gevalle groter dinge sekere voordele inhou, is daar ook ‘n paar gevare wat deel vorm van die “groter is altyd beter” mentaliteit.

Die groeiende tendens wat ons in die wêreld bespeur, is een wat terug verlang na ’n tyd voor ons verliefdheid op grootte. Daar is ‘n toenemende affiniteit onder ‘n ontluikende generasie vir die eenvoudiger, korter, goedkoper, en ja, ook kleiner manier van dinge doen.

Vir die eerste keer word daar openlik gepraat en geredeneer oor hoe om dinge kleiner te doen, sonder om ons impak te verklein. Die nuwe vrae wat aan die orde van die dag is lui dalk soos volg: hoe kan ons, op kleiner skaal, meer van die dinge doen wat ons die suksesvolste maak?

Orals in die wêreld sien ons deesdae hoe besighede, kunstenaars, regerings en kerke hierdie beweging na “die kleine” begin verstaan, omhels en implimenteer. Ook in die literatuur lees ons om elke hoek en draai daarvan.

Leonard Sweet, verwysend na die verskille in die Gutenberg-gebasseerde en Google-geïnspireerde kulture, skryf die volgende in sy boek, *Viral*[1]:

“Gutenbergers can’t get over the idea that for a thing to be better, it has to be bigger. This mania applies to mega-malls, mega-churches, mega-evangelism, mega-thinking. For the same reason that Ralph Waldo Emerson wanted his essays to get to the “grandly simple”, Googler culture focuses on autonomous agents doing small things well. Simple, sacramental acts of suffering love are at the heart of every spirituality in the Google zeitgeist.”

Alhoewel hierdie spesifieke tendens verslag fokus op hoe die nuutste tendense spiritualiteit en kerkwees beïnvloed, help die insigte van leiers in die besigheidswêreld ons net soveel om hierdie getye te identifiseer en te benoem.

1 Leonard Sweet, 2012. Viral: How Social Networking Is Poised to Ignite Revival.

Bemarkings- en media guru, Seth Godin[2], beskryf hierdie nuwe winde wat waai soos volg op sy blog:

"Small means the founder makes a far greater percentage of the customer interactions. Small means the founder is close to the decisions that matter and can make them, quickly. Small is the new big because small gives you the flexibility to change the business model when your competition changes theirs.

Small means you can tell the truth on your blog.

Small means that you can answer email from your customers.

A small law firm or accounting firm or ad agency is succeeding because they're good, not because they're big. So smart small companies are happy to hire them.

A small restaurant has an owner who greets you by name.

A small church has a minister with the time to visit you in the hospital when you're sick.

Small is the new big only when the person running the small thinks big.

Don't wait. Get small. Think big."

Hier is 'n vreemde wisselwerking aan die gang. Daar word van ons verwag om kleiner te dink, ter wille daarvan om ons impak te vergroot. Oor die volgende paar bladsye gaan ons hierdie fenomeen in diepte ondersoek, en kyk of ons nie 'n paar praktiese punte kan uitlig, wat jou kan help in jou bediening, gemeente of nie-winsgewende organisasie nie.

2 http://sethgodin.typepad.com/seths_blog/2005/06/small_is_the_ne.html

BLITS MENINGSOPNAME *

WAT DIE AREAS VAN **KERK**, **KUNS**, **BESIGHEID** EN **ONTSPANNING** AANBETREF, MET **WATTER STELLING** ASSOSIEER JY DIE MEESTE?

* Hierdie statistieke is die resultaat van 'n blits meningsopname, wat gedoen is gedurende Julie 2012 onder 149 respondente van ekerk lesers en medewerkers.



Ek verkies **kleiner persoonlike spasies**, waar almal met mekaar kontak het, en die belewing spesifiek by my pas.

Ek verkies **groter organisasies en byeenkomste**, waar enige iemand kan inpas en daar iets vir elkeen is.

60%40%

KLEIN IS TE VEEL KERE klein IN DIE KERK

Wêreldwyd is getalle steeds een van die ongeskrewe meetinstrumente vir suksesvolle kerkwees. Eddie Gibbs en Ian Coffey[3] wys dat in die VSA dit al ‘n brandende meetinstrument is van die 1960‘s af en is van mening dat die “*post-Christian, neopagan, pluralistic context of the western world”* gehelp skep het aan hierdie wêreldwye “*market-driven*” benadering as dit kom by sukses in die kerk. Die grootte van enige plaaslike gemeente word in vele studies as barometer vir suksevolle of nie-suksesvolle kerke aangewend. Te midde van hierdie hardnekkige persepsie is ‘n aantal interessante studies met name deur die Barna Organisasie[4] onderneem, wat onder andere bevind het dat:

a. Dat daar beduidende verskille bestaan wat betref die tipiese lidmaat-profiel tussen kleiner gemeentes (met 100 en minder volwasse bywoners tydens hul eredienste); middelslag gemeentes (met tussen 301-999 volwasse bywoners) en groot kerke (met ‘n 1000 en meer bywoners). Kleiner gemeentes in de VSA trek meer mense uit die laer inkomste groepe as groter kerke. Tog het hierdie studie ook bevind dat volwassenes onder die ouderdom van 35 jaar eerder kleiner kerke as groot kerke verkies. Een rede hiervoor is die jong volwasse generasie se wantroue in mega-strukture en in kerkleiers wat afkomstig is uit die sg. “Baby Boomer Generasie.” Len Sweet praat ook hiervan in sy boek *Viral* soos aangedui in die inleiding. Hy verwys na ‘n *Google* en *Gutenburger* generasie waar die *Google* generasie meer tuis voel by kleiner gemeenskappe wat impak maak.

b. Dat sogenaamde megakerke (met ‘n duisend en meer bywoners) meer behoudend is wat betref Bybelse leerstukke en beginsels as kerke met ‘n 100 of minder betrokkenes;

c. Dat, terwyl vroue in die VSA die hoogste persentasie kerkbywoning het (53%), asook die hoogste betrokkenheid by kleingroepe en Bybelstudies (60%); is dit bywoners van groter kerke wat by verre die wydste betrokkenheid in kerklike aktiwiteite het teenoor kleiner kerke se bywoners wat minder betrokke is.

Te midde van interessante debatte wat Barna se navorsing in die VSA ontlok het rondom die vraag of megakerke meer Skrifgetrou is

3. Eddie Gibbs & Ian Coffey, 2001. Church Next: Quantum Changes in Christian Ministry.
4. www.barna.org

as klein kerke, bly getalle ‘n beduidende faktor wanneer gesonde of lewenskragtige kerkwees ter sprake is. ‘n Ongegronde persepsie is dat “groter beter is” as kerkwees ter sprake is. In sy ondersoek na ‘n dosyn of wat effektiewe klein gemeentes verwys Shawn McMullen[5] na ‘n gesprek met ‘n pastoor van ‘n geloofsgemeenskappie wat ‘n groot impak in ‘n bepaalde omgewing gemaak het:

“*This man was having a profound impact on the people of his community. But when we sat on his front porch in the quiet of the evening, he talked about the discouragement he felt in his ministry. Many of his seminary classmates had gone on to serve larger congregations, and this made him feel as if he had failed. I sensed a similar feeling among some members of the congregation.*

For lack of a better phrase, I would say this preacher and his church suffered from low self-esteem. In their thinking, because they weren’t big, they weren’t successful or healthy or effective.”

Wat Suid-Afrika betref, word dalende getalle in tradisionele kerke gereeld ter tafel gebring. In ‘n onlangse proefskrif aan die Universiteit van Pretoria van Andre Ungerer (2010)[6] haal hy ‘n studie van Dreyer (2009)[7] aan waarin die dalings van lidmaatgetalle in die NG Kerk, Nederduitsch Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerke in SA tussen 1988-2008 vermeld word.

5. http://shawnmcmullen.com/
6. Sien tabel
7. Sien tabel

	NEDERDUITS GEREFORMEERDE KERK NGK LIDMAATTAL		NEDERDUITCH HERFORMDE KERK NHKA LIDMAATTAL		GEREFORMEERDE KERKE IN SA GKSA LIDMAATTAL	
	DOOP	**BELYDEND**	**DOOP**	**BELYDEND**	**DOOP**	**BELYDEND**
% Afname 1988-1998	24%	5,5%	25%	6%	23%	3%
% Afname 1999-2008	20%	4,5%	20%	12%	23%	9%
AFNAME	**199 083**	**98 943**	**27 610**	**23 446**	**16 953**	**9 128**

GROOT IS NIE MAAR NET klein WAT UIT PROPORSIE GEGROEI HET NIE

In gesprekke rondom kerklike groei word statistieke soos bogenoemde dikwels verbind met agteruitgang en doodsheid. Sonder om numeriese statistiek as oorbodig af te maak, is die uitdaging tog om kerkwees en Christelike bedienings vanuit ander invalshoeke te bekyk. Een belangrike invalshoek wat dikwels misgekyk word, is dat die verskil tussen klein en groot nie maar net in numeriese getalle geleë is nie, maar in verskillende dinamikas wat aan die werk is in kleiner en groter geloofsgemeenskappe, soos:

- Verskillende bestuursbeginsels, wat bepaal word deur die aantal betaalde personeellede; die hoeveelheid en grootte van geboue en ander vaste bates, of die aantal bedienings waarby kerke betrokke is.
- Verskillende uitdrukkings van geloof in eredienste en ander samekomste wat deur bywonergetalle en die beskikbaarheid van voltydse bedieningsleiers gefasiliteer word.
- Verskillende geestelike leierskapsmodelle en beginsels wat nagevolg word om kleiner en groter geloofsgemeenskappe effektief te begelei om hul visie en roeping uit te leef.
- Verskillende kulture, wat soms ook deur selfgerigte behoeftes aangedryf word, soos dat ‘n groot kerk met baie lidmate en reuse fasiliteite ‘n beslissende uitdrukking van sukses sou wees in God se koninkryk, of aan die teenoorstaande kant dat ware gemeenskap van gelowiges net in klein familiekerke beleef sou kan word. Ook word verskillende verwagtings dikwels aan geestelike leiers in bedienings van verskillende groottes gekoppel, soos dat hulle professionele kundiges moet wees met kantore en vaste werksure in groot kerke, of herders in kleiner kerke wat 24/7 vir hulle “kudde” beskikbaar moet wees.

Klein en groot is nie twee wedersydse uitsluitende opsies in die kerk waarvan een meer reg en die ander een minder reg is nie. Getalle is nooit 'n barometer na enige kant toe vir effektiwiteit in terme van impak in die koninkryk van God nie. Beide het ‘n regmatige plek indien hulle gebaseer is op die norme en beginsels waarop Jesus die koninkryk van God geskoei het. Nogtans is dit belangrik om op hoogte te wees met die verskillende kulture waarbinne geloofsvorming en geloofsuitdruking plaasvind in kerke en geloofsorganisasies van verskillende getalsgroottes. Al is die verskillende

verwagtings wat rondom sulke geloofsgemeenskappe gekoppel word dikwels implisiet en onuitgesproke, is dit steeds baie werklik en aanvoelbaar. Dit bepaal geestelike leiers se geluk en selfverwesenliking, asook lidmate se betrokkenheid direk.

Die behoeftes van vele gelowiges na meer persoonlike kontak en omgee is oor die algemeen meer haalbaar in kleiner geloofsgemeenskappe as in groter kerke. Tog is die risiko van ‘n paar indiwidue wat kleiner kerke kan “skaak” vir hulle eie liefhebberye of idees, of wat hulle mag op kerklike rade kan misbruik, soms ook groter in sulke gemeenskappe. Aan die ander kant bied meer voltydse personeel by groter kerke dikwels aan lidmate toegang tot ‘n wyer verskeidenheid van bedienings waarby hulle betrokke kan raak as by kleiner kerke. Andersyds kan dit egter die praktiese bydraes van ander gelowiges inperk wat na-ure hulle gawes by hulle plaaslike kerke wil uitleef. Groter spesialisasie in groter kerke stel leraars vry om grootlike op hul gawes te konsentreer en slegs te doen waarvoor hulle meen hulle deur God geroep is, terwyl leraars in kleiner kerke meermale as algemene geestelike praktisyns moet optree. Tog is meer persoonlike kontak in kleiner geloofsgemeenskappe weer ‘n pluspunt.

In dieselfde asem kan kleiner ook soms gesien word as meer gespesialiseerd. Dit laat my dink aan die boek van Seth Godin, *Tribes*[8] wat vir ons leer dat daar ‘n verskeidenheid *tribes* in die wêreld sigbaar is waar hierdie sogenaamde “like-minded people” bymekaar kom met een gemeenskaplike doel. Die resultaat is ‘n gefokusde groep wat makliker transformasie en verandering teweeg bring.

8. Set Godin, 2008. Tribes: We Need You to Lead Us .

DAAR IS TOG IETS TE SÊ VIR DAARDIE SPESIALE GETAL VAN **PLUS MINUS 150**

Dalk moet ons die gesprek oor groot en klein ook vanuit ‘n ander konteks bekyk, naamlik dié van sosiale kappasiteit. Die Engelse antropoloog, Robert Dunbar het in ondersoeke na verskillende kulture deur die eeue ‘n interessante tendens raakgeloop, naamlik dat mense nog altyd ‘n kappasiteit vir egte sosiale verhoudings met ongeveer 150 ander mense gehad het. Vanaf primitiewe groepe, tot by klein nedersettings, tot by antieke weermag eenhede, tref Dunbar hierdie getal aan. Nooit deur die loop van die geskiedenis was dit moontlik vir meer as sowat 150 mense om mekaar persoonlik te ken of effektief in spanverband saam te werk nie. (Hierdie getal sluit nie in mense wat reeds dood is, of met wie indiwidue tans nie meer in sosiale verhoudings staan nie.) Persoonlike lojaliteite en kohesie, asook onderlinge sorg kan nie sinvol in groter groepe deurgevoer word nie. Sodra groepe hierdie “tower-getal” van min of meer 150 oorskrei het, het natuurlike afsplitsings en spontane onderverdelings gereeld plaasgevind. (Ter wille van volledigheid- vele navorsers het Dunbar se teorie ondersoek en met ander getalle opgekom- enigiets vanaf 100 tot 290 as die maksimum hoeveelheid mense met wie indiwidue in sosiale verhoudings kan staan.)

The Search to Belong[9] deur Joseph R Meyers leer ons ook iets oor die verhouding tussen grootte en die waarde om te behoort aan ‘n organisasie of groep. Daar is sekere mites wat sê meer tyd, kommunikasie van die groep se doel, ‘n beter persoonlikheid en geografiese ligging skep by mense die idee en gevoel dat hulle behoort. Edward T Hall sê egter daar is 4 spasies waarin ons persoonlikheid, kultuur en kommunikasie ontwikkel; publieke spasie, sosiale spasie, persoonlike spasie, en intieme spasie. Hy sê verder dat elke persoon slegs in verhouding agt persone in die publieke spasie, vier in die sosiale spasie, twee in die persoonlike spasie en 1 in die intieme spasie kan akkomodeer. Eers wanneer harmonie in die verskeie afsonderlike groepe ontstaan, is daar ‘n gemeenskaplike verspreiding van waardes.

Indien ons die Dunbar getal in lyn bring met die navorsing van Edward T Hall[10], dan beteken dit dat ons slegs waardevolle betekenis kan vind by 150 ander persone. Van hierdie 150 mense is 80 mense in jou publieke spasie, 40 mense in jou sosiale spasie, 20 mense in jou persoonlike spasie en 10 mense in jou intieme spasie.

9. Joseph R Meyers, 2003. The Search to Belong: Rethinking Intimacy, Community, and Small Groups
10. http://www.edwardthall.com/

In die lig van Dunbar en andere se navorsing moet ons dalk vra of die kerk nie soms onrealistiese eise aan geestelike leiers stel wat deesdae moet sorgdra vir honderde lidmate op ‘n slag nie. Beteken dit nou dat groter kerke moet ontbind en dat kleiner groepe tog dalk wen? Nee, Malcolm Gladwell[11] verwys in hierdie verband na 'n reuse multimiljoen dollar Amerikaanse maatskappy wat ingekoop het op hierdie beginsel van sowat 150 mense per eenheid, genaamd Gore Associates in Newark, Delaware. Deur probeer-en-tref het hulle hul reuse hoë-tegnologiese besigheid opgedeel in kleiner groepe. Hier werk almal werk sonder titels. Ook is hier geen begrotings, of strategiese planne nie. Alle base is vervang met mentors. Spesiale kantore vir uitvoerende personeel is ingeruil vir eenvoudig gemeubileerde ruimtes. Al is Gore Associates ‘n reuse maatskappy, funksioneer hulle in veevouldige klein groepe wat nie groter as 150 is nie. Hierdie reuse “klein” organisasie, wat pas in 2012 aangewys is as een van die Fortune 100 Beste Maatskappye in die VSA om voor te werk, kom goed reg sonder veelvoudige bestuur-strukture omdat groepsdruk en spanwerk volgens hulle veel beter resultate oplewer as hiërargiese strukture. Lojaliteit en die uitdaging om aan mekaar se verwagtings op te leef en top-produkte te lewer, maak van Gore ‘n sterk verhouding-gedrewe maatskappy.

So lees ons ook van die mode wêreld waar daar al hoe meer gefokus word op kleiner maatskappye. ‘n Artikel uit *The Gaurdian*[12] is van mening dat dit makliker is om as kleier organisasie meer visionêr te wees t.o.v. hulle produkte. Hulle is ook klein genoeg om buigbaar te wees wat belangrik is in die diverse mark kondisies van die huidige ekonomie. So werk groter maatskappye soos Levi’s saam met kleiner maatskapye om waarde uit hierdie “kleinheid” te put. Dalk kan Instagram wat bestaan uit ‘n handjie vol personeel en gekoop is vir 1$ biljoen deur Facebook ook onder hierdie voorbeeld genoem word. Josh Constine en Kim-Mai Cutler van *Techcrunch* stel dit soos volg[13]:

> *“With the deal, Instagram will gain massive design and engineering resources by joining forces with Facebook, a big change after running as a famously lean company with just a handful of employees. Still, the deal seems to let Instagram stay somewhat independent and maintain some of its company culture. Instagram CEO Kevin Systrom writes in a blog post, “It’s important to be clear that Instagram is not going away.”*

Die maatskappy *Best Buy*[14] in die VSA bestaan uit groot konsepwinkels. Hulle het 50 van hulle groter winkels toegemaak en 100 kleiner winkels in winkelsentrums oopgemaak. In hierdie proses het hulle vorendag gekom met ‘n konsep van “connected stores” waar kliënte een tot een diens kan kry op ‘n meer persoonlike vlak. Die rede agter hierdie besluit is die ontstaan van die digitale era. Best Buy het besef mense doen al hoe meer transaksies aanlyn en so het hulle hul DNS verander om in te pas by die DNS van die digitale era; kleiner, meer persoonlik en deursigtig.

11. ...
12. http://www.guardian.co.uk/sustainable-business/blog/fashion-industry-trends-innovation-small-business?newsfeed=true
13. http://techcrunch.com/2012/04/09/facebook-to-acquire-instagram-for-1-billion/ & http://blog.instagram.com/post/20785013897/instagram-facebook
14. http://www.newretailblog.com/as-mobiles-get-bigger-stores-get-smaller/ & http://mashable.com/follow/videos/1536957463001-best-buy-announced-it-will-close-50-brick-and-mortar-stores-in-the-/

Indien ons kyk na Suid Afrika dan kan die opkoms van markte ook gesien word as ‘n neiging na kleiner. Handgemaakte, persoonlike, organiese en verhoudingsgedrewe handel is deel van hierdie tendens van kleinheid. Met die ontstaan van markte soos *Kamersvol Geskenke*[15], *Hazelwood Food Market*[16], *Neighborhgoods Market*[17], *Market on Main*[18] en *Die Pretoria Boeremark*[19] kan ons sien dat daar ‘n neiging is na kleiner gemeenskappe. Daar word verkies om by ‘n mark vars groente te koop eerder as by die groot supermark. Mense verkies dikwels om klere en huishoudelike versiersels te koop by ‘n mark eerder as by die groot winkelsentrum in die dorp. Die bonus is dat daar ‘n verhouding gebou kan word met die persoon by wie jy koop en dat jy kan sien en weet waarvandaan die produk kom. Hierdie is kenmerkend onder die *Google* generasie waarvan Len Sweet praat waar mense in kleiner meer persoonlike groepe sal bymekaar kom en dit ook uiteindelik as ‘n sosiale geleentheid erken.

Dalk moet geloofsgroepe ernstig kennis neem van die “Dunbar beginsel” en die tendens van kleinheid. Dit vereis ‘n kopskuif vanaf “getalle is sukses” na “impak in God se koninkryk is sukses.” Wanneer groter dus nie ook kleiner groei nie, dan ly effektiwiteit hieronder. Anders gestel, indien groot eredienste en samekomste nie uitloop op die aktivering van kleiner groepe nie, is groot, wel… maar net groot. Dalk sal dit ons die moeite loon om weer te gaan kyk na Jesus se beelde vir sy navolgers, soos skape, lammers, kleintjies, kindertjies en suigelinge (Matteus 18; Johannes 10) - alles taal wat kleinheid en broosheid veronderstel. Of na die vroeë kerk wat gekies het vir gedesentraliseerde kleiner groepe wat in huise in verskillende stede saamgekom het. Tog het die Christendom gedurende die eerste drie eeue gegroei tot ‘n reuse beweging van dermiljoene groepies indiwidue wat aangevuur was deur Christus se liefde.

Dalk kan groter kerke en organisasies ook hande vat met kleiner organisasies, kerke en andersom. Dit kan weerskante toe hulp verleen deurdat die groter en kleiner in ‘n wedersyds-hulpverlenende verhouding saamwerk. Op verskillende maniere kan en moet daar hande gevat word tussen groot en klein om die beste impak moontlik te maak in die koninkryk van God.

“Small is the new big and tall.”

Maar, groot of klein wat nie effektief is in terme van die sterker en dieper vloei van God se koninkryk nie, is elke keer die verkeerde grootte!

15. http://www.kamersvol.com/
16. http://www.hazelfoodmarket.co.za/
17. http://www.neighbourgoodsmarket.co.za/
18. http://marketonmain.co.za/
19. http://www.pretoriaboeremark.co.za/

MEER OOR EKERK NAVORSING

Ekerk het ten doel om leiers van kerke, nie-winsgewende organisasies en besighede te help om 'n groter impak in die koninkryk te maak. Deur middel van navorsing, opnames, publikasies en seminare, fasiliteer ons leer- en ervaringsgeleenthede waar leiers versigtig kan luister na die wêreld waarin hulle leef, vinnig kan leer hoe om hulle impak te vergroot, en uiteindelik hulleself en hulle organisasies kan begelei om voluit te leef.

Om deel te word hiervan kan jy:

1. Meer gaan lees op die ekerk webblad.
2. Inskryf op die maandelikse ekerk navorsing nuusbrief.
3. Die nuutste tendens verslae gratis aflaai.
4. Registreer vir ons volgende leergeleenthied saam met David Kinnaman.
5. Deelneem aan ons meningsopname vir hierdie maand.

As jy meer betrokke wil raak, of as jy enige vrae of voorstelle het, kan jy direk vir Mynhardt kontak by mynhardt@ekerk.org, of by 082.853.6483.

LEES OOK DIE VOLGENDE EKERK TENDENS VERSLAE

© Ekerk Vereniging 2012

Saamgestel deur Stephan Joubert, Pierre Engelbrecht & Mynhardt van Pletsen.

Vir meer inligting oor Ekerk Navorsing, besoek gerus www.ekerk.org. Om hierdie inhoud in seminaar vorm te laat aanbied, kontak gerus vir pierre@ekerk.org.

Dankie dat jy gelees het!